

Sing vooraf staande: Psalm 90:1,2 (p. 453)

- 1 U was, o Heer, vanaf die vroegste jare / vir ons 'n vlug- en skuilplek in gevare.
Voordat die rots gebergtes was gebore / die aarde uit niks geroep was, lank tevore –
Is U, o Heer, dieselfde God van mag, / onwankelbaar in wese en in krag.
- 2 Hoe nietig is die mens! Wat is sy lewe? / Wat het die mens, al is hom gegewe?
U knak die steel van sy geswinde jare, / en hy gaan heen net soos die najaarsblare.
Want in U oog is duisend jare, Heer, / 'n enkele dag, 'n nagwaak en niks meer.

Kom ons begin hierdie ontmoeting met God deur openlik teenoor mekaar en teenoor God te verklaar:

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 147:1,2 (p. 704)

- 1 Laat voor die Heer 'n lofsang ruis! / Hoe goed is dit om God te prys!
Hoe lieflik om die lof te sing, / die lof wat ons aan Hom moet bring!
Want Hy wil ons in guns aanskou, / Hy wil Jerusalem herbou
En Isr'el wat verstrooid nog swerf, / versamel op die heilige erf.
- 2 Hy heel gebrokenes van hart, / en Hy verbind hul in hul smart.
Sy oë speur oneindig ver; / Hy tel en roep die laaste ster;
Sy krag en kennis, ongemeet, / oorwelf al wat ons ken en weet.
Sagmoediges verhef Hy weer, / maar goddeloses werp Hy neer.

Geloofsbelydenis Apostolicum

Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid om vergewing van ons sondes met Psalm 130:2 (p. 83)

Wet

Psalm 130:2 (p. 634)

- 2 As U, o Heer, die sonde / na reg wou gadeslaan,
Wie sou een enkele stonde / voor U, o Heer, bestaan?
Maar nee, daar is vergewing / altyd by U gewees;
Daarom word U met bewing / reg kinderlik gevrees.

Gebed

Psalm 62:1,4 (p. 301)

- 1 Gewis, my siel is stil tot God! / My redding kom op sy gebod,
Geen vyand hoef ek nou te dug nie. / Hy is my rots, 'n skans vir my,
Hy sal my voetstap ook dan lei / wanneer ek nêrens meer kan vlug nie.
- 2 Maar jy, my siel, swyg stil voor God, / beskikker van jou lewe en lot,
Wat nooit sy woord ontrou sal wees nie. / God is my rots, 'n skans vir my,
Hy sal my voetstap veilig lei, / ek hoef geen wankeling te vrees nie.

Skriflesing: 2 Korinthiers 1

Teks: 2 Korinthiers 1:5

“Want soos die lyde van Christus oorvloedig is in ons, so is ons troos ook oorvloedig deur Christus.”

Geliefde Broeders, Susters en kinders.

Hoe moet ons as die uitverkore volk van God hierdie wêreld sien? Hoe moet ons die dinge van hierdie wêreld verstaan? Die wêreld met al sy slegte dinge, al die groot swaarkry en teëspoed en seer in hierdie lewe.

Ons ag ons self dan as die uitverkorenes van God . . . deel van diegene wat deur God self geroep en verkies is. Hoe is dit dan dat dieselfde rampe en lot oor ons uitverkorenes uitgestort word as wat vir heidendom afgemeet is.

Elkeen van ons het al gevoel asof ons spesifiek uitgesonder word vir ramp op ramp wat ons aardse lewe teister.

- o Ons kan ons werk, ons huis, ons finansiële sekuriteit verloor.
- o Ons gesondheid kan 'n groot terugslag kry.
- o Ons kan deurloop onder rowers en misdadigers.
- o Soms word eise aan ons gestel wat ons as baie onredelik ervaar!

Nie net in vandag se tyd nie maar deur al die eeue heen is die uitverkore volk van God onderwerp aan dieselfde lot. Ook die apostel Paulus het rampe en teëspoed goed geken. Uit die boek Handeling en ook uit Paulus se ander briewe, weet ons dat hy baie swaargekry het.

- o Hy is bespot,
- o verdag gemaak,
- o in tronke opgesluit,
- o minstens 5 keer deur die Jode die straf van 39 houe gegee,
- o minstens drie keer het hy skipbreuk gely,
- o hy is met klippe gegooi en op 'n stadion so met klippe gegooi dat die mense gedink het hy is dood!

Waarlik, Paulus se lewe was nie maklik nie. In sy dienswerk as apostel het hy baie lyding en swaarkry verduur!

Dit is amper onwillekeurig dat die vraag by ons opgekom:

- o Waarom is dit dat kinders van die Here lyding moet deurmaak, veral dan ook nog as ons besig is met dienswerk aan die Here?
- o Waarom kry ons as gelowiges swaar ten spyte daarvan dat ons glo dat ons in Christus verlos is?

Wanneer ons oor hierdie vrae wonder, dan moet ons onthou wat ons Here Jesus vir ons op talle plekke in die evangelies leer: Om Hom te volg, nie maklik is nie.

- o Op sekere plekke sê Hy dat ons, ons kruis moet opneem en Hom volg.
- o In Matt. 10:34 het Hy gewaarsku dat Hy nie vrede bring nie maar die swaard...

Die feit van die saak is, as Hy ons leer, om Hom te volg, dit nie maklik is nie. Om 'n kind van die Here te wees, gaan vir ons baie lyding en swaarkry te weeg bring.

Hoekom?

Geliefdes, een ding waaroor ons in hierdie wêreld almal sal saamstem is dat die wêreld vervalte is, gebreek is, stukkend is ... en dat ons, die uitverkorenes, deur God self geroep is om in hierdie stukkende wêreld te leef. Kyk net na alles wat rondom ons gebeur. Kyk na al die seer, die pyn, die hartseer – wat ook al die oorsake daarvan is.

Waar kom hierdie stukkendheid van die wêreld vandaan?

Die stukkendheid van die wêreld is die gevolg van sonde. Die wêreld met almal en alles daarop is deur God vervloek. Deur ongehaarsaamheid van die mens . . ja deur ons eie toedoen, rus daar 'n vloek op hierdie aarde . . . ook op ons . . want ons leef op hierdie aarde.

Moet ons dan nou van God verwag om ons spesiaal te hanteer. Moet ons eis van God om ons voorkeur te gee . . . voorkeur sodat ons die vloek van die Aarde kan vryspring. Nee, ons is reeds eersteling van God . . Ons het reeds deur die soenverdienste van ons Here Jesus Christus as te ware voorkeur behandeling ontvang . . Ons is reeds gered, die prys is ten vole betaal.

Die troos van die mens . . . die antwoord op jou soeke na hoekom jy in die sondige wêreld is word versoen met die liefde van God. Dat Hy sy enigste seun gestuur het om die losprys te betaal vir ons wat vervloek was, maar nou deur genade alleen ons saligheid deur die werk van Jesus Christus aan die kruis ontvang het.

Die losprys is ten volle betaal . . . 100% . . . met die woorde wat ons Here Jesus net voor Hy gesterf het . . . “ dit is volbring” bevestig Hy juis dit. Daar is m.a.w. nie nog iets nodig of nog iets wat ons verdien nie . . .soos voorkeur behandeling . . . of spesiale voordele nie.

Net soos toe Isreal uit die mag van die Egiptenare verlos is, het hulle nie onmiddelik die beloofde land gesien het nie, maar hulle kon ervaar en besef dat hulle verlos is en het dit as enigste troos gedien dat hulle wel die beloofde land sou sien.

Dink nou mooi daaroor na:

- o In 'n volmaakte en heel wêreld sou dit as normaal gesien gewees het, as dinge volmaak en heel is. In 'n volmaakte wêreld sal daar geen seer en pyn en onreg wees nie.
- o Nou leef ons egter nie in 'n volmaakte wêreld nie. Die wêreld waarbinne ons leef is gebroke a.g.v sonde. In 'n stukkende wêreld is dit normaal om pyn, seer en ongeregtigheid te sien . . . dis normaal. Dit is wat jy kan verwag a.g.v die gebrokenheid van die wêreld. En die stukkendheid van hierdie wêreld maak dat ons seer- en swaarkry!

Een rede wat ons dus vir die swaar en die seer van hierdie wêreld kan gee, is die stukkendheid van hierdie wêreld. Stukkende dinge gebeur in 'n stukkende wêreld!... ..

Maar dit is juis hiervoor het ons Here Jesus Christus mens geword. Hy het Homself aan die seer- en die swaarkry van hierdie wêreld onderwerp om die straf van die mens te dra. God het Hom vir die seer en die swaarkry (ja, die sonde) van hierdie wêreld gestraf, sodat hulle wat in Hom glo nie meer die straf vir hul sonde en stukkendheid moet dra nie.

Kyk net watter stukkendheid het Jesus onder andere in sy lewe verdra:

- o Hy is deur mense gespot en verwerp.
- o Hy is onskuldig met 'n gesel geslaan.
- o Hy is onskuldig bevind maar tog oorgegee om op die wreedste manier moontlik doodgemaak te word.
- o En Hy is onskuldig aan 'n kruis doodgemaak!

Gemeente, kom ons lees mooi wat skryf Paulus in 2 Korintiërs 1:5 “Soos die lyding van Christus oorvloedig is in ons... ” Hoor weer: “Soos die lyding van Christus oorvloedig is in ons... ” Die 1983-Vertaling vertaal dit soos volg: “want net soos daar vir ons 'n oorvloed van lyding is ter wille van Christus... ”

Hoor u? “want net soos daar vir ons 'n oorvloed van lyding is ter wille van Christus...” Hieruit leer ons duidelik: Gelowiges ervaar lyding as deelgenote van Christus. Christus het gely in hierdie wêreld. Die bedeling waarbinne Paulus geleef het en ons vandag leef en waarbinne Christus vir ons verlossingswerk kom doen het, is in die vaste wurggreep van die sonde.

- o Die sonde wil niks van Christus weet nie!
- o Die sonde is in vyandskap met Hom!

En in hierdie stryd met die sonde ontstaan swaarkry, ontstaan lyding, ontstaan pyn...

Ons wat in Christus glo, deel met Christus in hierdie lyding wat ontstaan met die stryd teen die sonde. As die Meester lyding verduur, dan moet die dienaar nie verwag om die lyding vry te spring nie. Ja,

- o Omdat Christus gely het, is ons verlos van ons sonde.
- o omdat ons verlos is, deel ons nie meer in die werke van die Satan, die sonde nie.
- o Omdat ons nie in die werke van die Satan deel nie, val die satan ons aan.
- o Omdat die Satan ons aanval, ly ons.

Hoor jy, Broer en Suster, daar is daarom ook 'n tweede rede waarom ons swaar- en seerkry in hierdie wêreld. Behalwe dat ons swaar- en seerkry as gevolg van die stukkendheid van hierdie wêreld, val die wêreld en die satan en die sonde, ons wat in Christus glo, ook in die besonderlik aan. Hulle kan nie verdra dat ons in Christus verlos is nie, en wil ons besonderlik seermaak terwyl ons nog in hierdie stukkende bedeling verkeer!

Daarom, alle lyding en verdrukking en swaarkry wat oor ons kom as mense wat in die Here Jesus Christus as ons verlosser glo, is

- o omdat hierdie stukkende wêreld waarbinne ons leef ons stukkend sny
- o en ook omdat die satan, die wêreld en die sonde ons aanval!

In hierdie wete is daar 'n groot bemoediging, of troos vir ons opgesluit! Van hierdie bemoediging of troos praat Paulus in vers 5. Hy sê: "...want net soos daar vir ons 'n oorvloed van lyding is ter wille van Christus, is daar ook vir ons 'n oorvloed van bemoediging deur Christus."

In 2 Timoteus 2 brei hy op hierdie bemoediging uit. Daar sê hy: "10Daarom verdra ek alles ter wille van die uitverkorenes sodat ook hulle die verlossing, wat daar in Christus Jesus is, en die ewige heerlikheid kan ontvang. 11Dit is 'n betroubare woord: As ons saam met Hom gesterf het, sal ons ook saam met Hom lewe; 12as ons in die geloof volhard, sal ons saam met Hom regeer; as ons Hom verloën, sal Hy ons ook verloën; 13as ons ontrou is—Hy bly getrou: Hy kan Homself nie verloën nie."

Wat presies is hierdie bemoediging?

Die bemoediging is dat ons weet dat die stukkendheid en die seer van hierdie wêreld nie 'n permanente vashouplek op my lewe het nie. Ja, terwyl ek hierdie lewe leef, gaan ek seer en swaarkry beleef. Christus het immers ook seer en swaargekry. Máár Christus het hierdie wêreld oorwin. Hy sit aan die regterhand van sy hemelse Vader en Hy regeer. Hy berei vir ons 'n bedeling voor waar daar geen seer en swaar meer bestaan nie.

Ons wat in Christus glo, ons wat in Sy swaarkry deel, ons deel ook in Sy heerlikheid. Paulus skryf immers: "As ons saam met Hom gesterf het, sal ons ook saam met Hom lewe!"

Dit is nodig dat ons hierdie dinge weet en glo, want hierdie geloof en hierdie wete het 'n groot invloed op ons lewens. In 2 Korintiërs 1:8-10 skryf Paulus dat hy en sy medewerkers sulke swaar en seerkry beleef het, dat hulle alle hoop om te lewe laat vaar het. Tog, hulle nie hulle geloof laat vaar nie. Hulle het op God vertrou.

Geliefdes, wanneer ons seer- en swaarkry beleef, (ja, selfs sulke seer- en swaarkry dat ons alle hoop om te lewe wil verloor) dan moet ons onthou wat Christus vir ons gedoen het, en steeds vandag vir ons doen. Daar wag vir ons die volheid by Hom waar geen seer en swaar meer sal wees nie. Immers, as ons saam met Christus die seer en lyding van hierdie lewe beleef het (selfs tot die dood toe) sal ons in ewigheid in die volmaaktheid van die toekomstige lewe saam met Hom leef!

Broers en Susters, nou is daar nog iets wonderliks in ons teksverse oor die realiteit van seer- en swaarkry in hierdie lewe opgesluit. In vers 4 skryf Paulus: "In elke moeilikheid bemoedig Hy ons. Daarom kan ons weer ander bemoedig wat in allerlei moeilikhede verkeer. Ons kan hulle bemoedig met dieselfde bemoediging waarmee God ons bemoedig"

Wanneer ons swaar- en seerkry, kan ons as gelowiges een van twee dinge doen:

- o Een, ons kan moedeloos en negatief raak.

Wanneer ons moedeloos en negatief raak, kan ons die mense rondom ons ook moedeloos en negatief maak. Dan beland ons in 'n dodelike spiraal van donkerheid en depressie.

- o Of twee, ons kan beseef dat ons deel in Christus se lyding en dat daar (omdat ons in Christus glo) 'n heerlikheid by God wag waar daar geen seerkry en swaar meer sal wees nie.

Wanneer ons hierdie tweede ding doen, kan ons ook aan ander mense van hierdie hoop binne ons vertel.

- o Ons kan ander wat swaarkry met dieselfde hoop wat ons binne ons het, bemoedig.
- o Ons kan ander wat seer het troos met dieselfde troos wat ons binne ons het!

So kom ons in 'n spiraal van hoop wat God se troos deur Jesus Christus in ons na hierdie stukkende en donker wêreld inbring!

Dit is wat Paulus met die Korintiërs gedoen het. Hy het hulle vertel van sy seer en hoe die Here Hom positief opgebou en gedra het.

Dit is wat ons met die mense rondom ons moet doen. Met ons daad, en waar moontlik ook met ons woorde, kan ons van God getuig en die wyse waarop Hy ons help om ons swaar en seer te dra! So word God verheerlik vir die redding wat Hy uit hierdie stukkende wêreld bewerk het! ...

Ter samevatting

Geliefdes, in hierdie stukkende wêreld is seer- en swaarkry die normale. Ons gaan seerkry en swaarkry. Omdat ons kinders van die Here is, gaan die wêreld en die satan en die sonde besonderlike pogings aanwend om ons nog seerder te maak.

Tog, ons het 'n wonderlike en heerlike troos:

o Christus het die lyding en seer van hierdie wêreld deurgaans om vir ons 'n volmaakte lewe sonder seer en swaar by sy Vader te bewerk.

o Wanneer die seer en die swaar van hierdie lewe verby is, gaan ons die volheid van daardie volmaakte lewe bewerk. Ons wat immers saam met Christus sterf, sal ook saam met Hom opstaan.

Daarom, wanneer jy swaarkry, moenie in 'n negatiewe spiraal van donkerte en wanhoop verval nie. Die verlossing wat Jesus Christus aan ons geskenk het is juis die kern van God se genade as Hy, met inwerking van die Heilige Gees, jou deur moeilike tyd, krisis of beproewing dra. Vestig jou hoop op Christus. Hy het jou reeds verlos.

En dan kom ons gebruik ons troos om hulle wat rondom ons seer het en seerkry te vertroos. So verheerlik ons God vir die redding wat Hy deur Jesus Christus vir ons in hierdie stukkende wêreld bewerk het!

AMEN

Slotgebed

Psalm 138:1,4 (p. 670)

1 'k Sal met my ganse hart, o Heer, / U loof en eer, U hoogheid huldig,
En voor die gode in psalm geklank, / U bring die dank, aan U verskuldig.
Ek sal my neerbuig op U eis, / na U paleis, die oog na bowe.
En, om U guns en waarheid saam, / u heil'ge naam eerbiedig lowe.

4 As in my angs en teëspoed / die krag en moed / my wil begewe,
As vyande van veglus brand, / dan keer u hand / en red my lewe.
Die Heer is goed en wondersterk: / Hy sal sy werk / deur niks laat keer nie.
Laat my, o Heer wat my bewaar, / tog nou nie vaar, / en nimmermeer nie.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Oudl. EE Clack onder leiding van Dr. Thinus du Plessis
Gereformeerde Kerk Clanwilliam. Datum: 07 September 2014 (Oggenddiens)